



Verwysing: 20210922-6135
Lêerno.: 3/3/2/4/12
Navrae: Inbelsentrum

Omsendbrief: 0060/2021

Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders,
Adjunkdirekteure, Hoofde van opvoedkundige inrigtings en erkende vakbonde

Kort opsomming: *Bepalings oor die betrokkenheid van opvoeders en staatsdienswerknemers by die plaaslike verkiesings wat vir 01 November 2021 geskeduleer is.*

Onderwerp: Betrokkenheid van WKOD-opvoeders en staatsdienswerknemers by die plaaslike verkiesings wat vir 01 November 2021 geskeduleer is

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) erken die reg van sy werknemers om kragtens ons land se grondwet, politieke loopbane na te streef.
2. Dit wy hom ook egter daaraan toe om toe te sien dat leerders die reg op 'n veilige en standvastige leeromgewing het.
3. WKOD-werknemers word daaraan herinner dat hulle nie amptelike tyd en/of regeringseiendom mag gebruik om stemme te werf of politieke partye se belange te bevorder nie.
4. WKOD-werknemers wat die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) in die komende plaaslike verkiesings wil bystaan, moet nie later as **11 Oktober 2021** aansoek doen om toestemming vir besoldigde werk buite die staatsdiens (BWBDs) nie, en hulle aansoeke by hulle distrikskantoor of Hoofkantoor-direkteur indien. Applikante sal nie later as **18 Oktober 2021** ingelig word of hulle aansoeke om BWBDs goedgekeur is of nie. Slegs werknemers wie se aansoeke om BWBDs goedgekeur is, sal in aanmerking kom om die OVK tydens die plaaslike verkiesings by te staan.
5. Hoofde van opvoedkundige inrigtings en direkteure van onderwysdistrikte word versoek om die operasionele vereistes van hulle inrigtings in ag te neem voordat

werknemers, wat aan OVK-opleiding wil deelneem en pligte by stemlokale wil nakom, se verlot goedgekeur word.

6. Die regsraamwerk, beleidsmaatstawwe en voorwaardes wat die betrokkenheid van WKOD-werknemers by die plaaslike verkiesings reguleer, word duidelik in die aangehegte bylaes uiteengesit:

Bylae A1 – Plaaslike verkiesings (deeltyds)

Bylae A2 – Plaaslike verkiesings (voltyds)

7. Hoofde van opvoedkundige inrigtings en direkteure van onderwysdistrikte word versoek om toe te sien dat die inhoud van hierdie omsendbrief en die bylaes onder die aandag van alle werknemers gebring word. Elke werknemer moet die dokument onderteken as bewys dat hy of sy vertrou is met die inhoud daarvan en moet die nodige BWBDS-dokumente (**Bylae B**) wat oor bykomende vergoeding handel, invul.

GETEKEN: B WALTERS

HOOF: ONDERWYS

DATUM: 2021-10-08